

## VISSERS

“As hulle wat geroep word om vis te vang, nie visvang nie, veg hulle.” So skryf Max Lucado in een van sy boeke oor ‘n gebeurtenis uit sy jeug. Hy en sy beste maat het saam met sy pa vertrek om te gaan visvang. Die gure weer het hulle egter vir ‘n hele paar dae in die karavaan gevange gehou en hulle kon gladnie visvang nie. Gedurende hierdie tyd het hy uitgevind sy vriend en sy pa se karakters laat, volgens hom, veel te wense oor. As hulle heerlik kon visvang sou die negatiewe gedagtes en die “geveg” nie plaasgevind het nie.

Vir Petrus en Andreas sê Jesus “Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.” Hoe maklik het Petrus nie die opdrag vergeet nie? In plaas van vis te vang, wou hy wys hoe ‘n goeie leier hy is. Soveel so dat Jesus hom “Satan” noem en nie “visser” nie. En die dissipels wil nie visvang nie, maar stry met mekaar oor wie van hulle die belangrikste is. En Jakobus en Johannes? Hulle wil ook nie visvang nie, maar wil tog die “vis” hê: Een wil regs en die ander links van Jesus sit! En Judas? Hy wil ook nie visvang nie, maar verkoop tog die “Vis”.

Dan kom ek by myself. Nog baie erger as Petrus en die ander dissipels vang ek ook nie vis nie. Dis soveel makliker om te veg. Fout te vind. Te kritiseer. Beter te weet. Vis te vang? Nee wat, dis die dominee se werk.

Nou die vraag aan jou: “Vang jy vis, of veg jy?” Die Gereformeerde Kerk se lidmaattalle daal met rasse skrede. Dalk omdat ons nie meer visvang nie? Ons veg oor so baie dinge wat nie regtig iets met ons saligheid te doen het nie. Ons veg oor kelkies, omdigtings, vroue in die amp. Party gaan in doleansie. Net ons is reg. Julle is verlore. Julle met die splinter in die oog. My eie balk sien ek nie raak nie?

Die moordenaar aan die kruis was nie ‘n Dopper nie. Het nie eers aan ‘n kerk behoort nie. Kelkies het hom nie gepla nie, want hy het nie Nagmaal gebruik nie. Omdigtings? Nee, want hy het nie eers Psalms gesing nie. Vroue in die amp? Wat is ‘n amp? Tog hoor hy dat hy saam met die Visser in die paradys sal wees. Hoor hy, soos Paulus, “My genade is vir jou genoeg.”!

Vang jy vis of veg jy?

Jan Lubbe